# Die Kruin-o-gram

20 Junie 2021 - Uitgawe 03

## ‘n Pa se offer | Genesis 22:1-19

Genesis is die naam wat die Grieke aan die eerste boek van die Ou Testament gegee het. Dit beteken ‘oorsprong’ of ‘die begin’. Die rede vir die titel is dan duidelik, omdat die inhoud van die boek handel oor die ontstaan van die skepping, die oorsprong van die mens, en die oorsprong van die Israeliete en Jode. Die boek is ryk aan taal en styl figure en is soms sommer mities in van sy vertellings.

‘n Boek wat dan so ryk is aan geskiedenis, mites en legendes moet dan seker ‘n skrywer hê? Dit is hier waar Genesis ‘n probleem word, omdat ons nie ‘n presiese skrywer kan identifiseer nie. ‘n Moontlike teorie is dat die boek vanuit verskeie oorde, in verskeie tye ontstaan het en eers later in die Joodse geskiedenis in een boekrol saamgevoeg is. Hierdie teorie staan bekend as die Bronne-teorie. Hierdie teorie identifiseer ten minste drie bronne wat ‘n hand gehad het in die ontstaan van Genesis. Die Yawis, die Elohis en die Priesterlike bron, waarvan die Priesterlike bron die grootste is. Die Yawis is kenmerkend deurdat die skrywer na God verwys as Yahweh. Die Elohis verwys na God as Elohim en die Priesterlike bron voeg die twee name saam, wat na God verwys as Yahweh Elohim. Hierdie teorie verwys daarna dat teoloë soms die teks baie diep moet ontleed vir hierdie bronne om te voorskyn te kom en is as sulks nie gewens nie.

Ons weet wel, as gevolg van al die parallelle wat die boek deel met die Babiloniese, Persiese en Sumeriese mites en legendes, dat ‘n ontstaandatum, rondom 586-539 BCE, ‘n gepaste datum sal wees. Alhoewel party teoloë ‘n vroeë datum, tydens die tyd van Salomo, ook aandui. As gevolg van al die parallelle met naburige volke in Babilon, bly ‘n Babiloniese datering steeds beter.

Aan die einde van die dag is Genesis ‘n boek wat nie net ryk is aan taal en styl figure nie, maar dit is ook ryk aan teologie. ‘n Groot gedeelte van die boek probeer die mens se verhouding met God verstaan. Eers aan die hand van Adam en Eva en toe aan die hand van Abraham en sy nageslag. Dit is wat Genesis so `n mooi en inspirerende boek maak.

# Delf Dieper

Hierdie gedeelte van die Kruin-o-gram is spesifiek gemik op die jongmense, die tieners in ons gemeente. Hier daag ons, ons tieners uit om op drie vlakke te groei in hul geloof - 1) vir mekaar, 2) na God, 3) en na mense daar buite. Die doel van Delf dieper is dat ouers en tieners saam kan praat oor die Skriflesing aan die hand van die boonste oordenking, sodat die hele gesin tot ‘n nuwe verstaan kan kom van die Bybel. Wanneer die gesin dus weer bymekaar kom, vra die volgende vrae vir mekaar en sien hoe die Gees van God in jou gesin beweeg.

1. Na mekaar
    a. Hoe gaan dit met jou hierdie week?
    b. Hoe lyk jou voorbereiding vir die eksamen?

2. Na God
    a. Lees Genesis 22:1-19
    b. Wat val jou op wanneer jy hierdie gedeelte lees?
    c. Wat sê hierdie gedeelte oor God?
    d. Hoe dink jy moet ons hierdie gedeelte verstaan?

3. Na mense
    a. Vind uit hoe die Here ons in ons lewens toets.



# Rut wys sy is lief vir Naomi

## Rut 1 – 4

Naomi het groot geword in die Beloofde Land, wat ook Israel genoem is. Maar nou het sy ver van daar af gebly. Sy het 'n man en twee seuns gehad. Rut was was met een van haar seuns getroud. Toe gebeur iets baie hartseer. Naomi se man en seuns het doodgegaan. Nie lank daarna nie het Naomi besluit om terug te gaan na haar land toe.

Naomi het vir Rut gesê om terug te gaan na haar ouers toe, maar Rut wou saam met Naomi gaan. Sy was baie lief vir Naomi. "Waar ma gaan, sal ek gaan," het Rut gesê. "Waar ma bly, sal ek bly. Ma se God is my God." Toe gaan Rut saam met Naomi Israel toe.

Hulle moes kos kry om te eet. Daarom het Rut elke dag koringare wat geval het op die lande gaan optel. Dit was 'n goeie man met die naam Boas se land. Op 'n dag sien hy vir Rut op die land. Hy wou haar help. Toe laat hy ekstra graan val sodat Rut dit kon optel.

Boas het verlief geraak op Rut. Hulle het getrou en 'n seuntjie, Obed, gekry. God het vir Rut en ouma Naomi geseën met 'n nuwe familie.

(Uit: Bybelstories vir beginners)



# Verjaarsdae

## Sondag 20 Junie
Francis Cant
Whanri van den Berg
Derick van den Heever
Deon van Staden

## Maandag 21 Junie
Christelle Campher
Riaan de Wet
Lee-Anne Fourie
Johan van Staden

## Dinsdag 22 Junie
Jandre Gerber
Annelie Goosen
Cas Steyn
Gerhard Strydom

## Woensdag 23 Junie
Nici Visser

## Donderdag 24 Junie
Ian Booysen
Leah Dodds
Magriet du Preez
Jenny Oosthuizen

## Vrydag 25 Junie
Louis Coetsee

## Saterdag 26 Junie
Marc Barclay
Jacques Bernard

**Beste wense vir 'n gelukkige Nuwe lewensjaar !!**

# Gebedslys

**KANKER**
Charles Du Plessis - Martie van der Merwe
Johnny Redelinghuys - Koos Barkhuizen - André Grundling
Rita Pieters - Yvonne Lombard - Japie De Clerq
Colene Smith - Dr. Hennie van Buuren
Miné van der Merwe (10 jaar oud)
Allison Lobo Das Neves - Will Kearney
Carine, Gerrie Jamneck se vriendin

**GESONDHEID**
Hilie Green - Tia de Jager - Sarie Vermaak - Marie-Louise Knoesen
Heleen Morton (Benodig 'n nier vir 'n niervervanging).
Klein Janro de Jager – Ben van Jaarsveld (Anine se pa)
Alex Smit - Logan Campher - Anelda Du Toit - Jayden Du Toit
Charmaine Whittaker - Klein Nathan Janse van Nieuwenhuizen
Yvonne (Marius en Vonrie Jacobs se moeder) - Marietjie Nel
Charles van Loggerenberg

**OPERASIES**
Bets Lottering - Jaco - Marie-Leen Liebenberg

**COVID**
Carla Saayman se ouma Bets - Nardus en Anneri Dodds
Salomé, Adriana van Taak (7 jaar oud), familie van Marietjie Nel

**AFSTERWE**
Deon Potgieter - Ruan Prinsloo

**GEBOORTES**
Tia en Japie de Jager – Melizé

**SWANGERSKAPPE**
Bianca en Paul Steyn
Herman en Rozanne Steyn

**ONS BID OOK VIR**
Mense wat werk soek, veral 'n jong, enkel mamma wat dringend 'n werk moet kry.

# Hoe om Zapper te gebruik

1. Scan die QR-kode
2. Sit in bedrag
3. Kliek op betaal

Let wel dit werk met jou persoonlike bank (FNB, ABSA, Nedbank ens.) se toepassing ook.

**Bankbesonderhede:**
N.G. Silvertonkruin
ABSA - 632005
Tjek rekening: 70580888

zapper™